**GRAAD 12 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: AFDELING B – OPSOMMING MEMORANDA**

## TEKS 1

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: WENKE OM TE VERSEKER DAT MENSE VAN JOU SAL HOU**
[Verwerk uit: http://www.pitkos.co.za]

| Leesstuk | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Is jy alleen, eensaam en sonder vriende? Jy wil graag hê dat mense van jou hou. Maar hoe doen jy dit? Hier volg 'n paar wenke wat jou kan help. | | |
| Mense se name is belangrik. Sommige mense word kwaad as hul name verkeerd uitgespreek word. Die verkeerde uitspraak van 'n naam kan die betekenis daarvan verander. Vir baie mense verteenwoordig hul name wie hulle is. **Dit is dus belangrik dat jy mense se name korrek uitspreek veral wanneer jy met hulle praat.** | 1 | Spreek mense se name korrek uit (wanneer jy met hulle praat). |
| Wie hou van onvriendelike mense? Onvriendelike mense skrik ander af. **Die ideale manier om grense tussen oud en jonk, man en vrou en verskillende tale af te breek, is 'n vriendelike glimag.** Terselfdertyd oefen jy jou gesigspiere! | 2 | Glimlag (vriendelik) vir mense (om grense af te breek). |
| Mense gesels graag oor die dinge waarin hulle belangstel soos hul werk, sport, kos en stokperdjies. **Dit werk wonderlik as jy met mense gesels oor die dinge waarin hulle geïnteresseerd is.** | 3 | Gesels met mense oor hulle stokperdjies/hulle werk/die dinge waarin hulle belangstel. |
| In sekere gevalle is konfrontasies onvermydelik, maar **probeer sover moontlik om moeilike situasies wat tot argumente kan lei, te vermy**. Hierdie vermoë word deur baie mense bewonder. | 4 | Probeer (situasies wat) argumente/konfrontasies (kan veroorsaak) vermy. |
| **Jy moet ook leer om nie so maklik ander mense se gedrag te kritiseer nie,** want mense kritiseer gewoonlik omdat hulle nie ander mense se optrede verstaan nie. | 5 | Moenie (altyd) (met ander mense se gedrag) fout vind nie./Moenie (ander mense) kritiseer nie. |
| Jy wil ook graag vriende maak en mense nader trek – **wees dus 'n positiewe persoon.** 'n Uitstekende voorbeeld van iemand met 'n positiewe persoonlikheid was Suid-Afrika se voormalige president, Nelson Mandela. | 6 | Wees positief (om mense nader te trek). |
| Almal begaan foute. **Wanneer jy verkeerd is, vra onmiddellik om verskoning.** Dit help om enige moeilike situasie te red. | 7 | Vra (dadelik) om verskoning as jy verkeerd is. |

**TOTAAL AFDELING B:** **[10]**

## TEKS 2

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: HANTEER KRITIEK MET GRASIE**
[Verwerk uit: http://wwwlifehack.org]

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Niemand hou daarvan om gekritiseer te word nie. Daarom lei kritiek dikwels tot negatiewe emosies. Wat kan jy doen om kritiek positief vir jou te laat werk? Tejvan Pettinger gee die volgende wenke. | | |
| Voel jy miserabel oor kritiek? Al mag kritiek vir jou negatief lyk, is daar gewoonlik 'n stukkie waarheid in. **Evalueer eerstens kritiek om te kyk of dit dalk regverdige kritiek is oor iets wat jy wel verkeerd gedoen het.** | 1. | Jy moet die regverdigheid van die kritiek vasstel./Evalueer of die kritiek dalk regverdig is./Evalueer of jy dalk wel iets verkeerds gedoen het wanneer jy gekritiseer word. |
| **'n Belangrike wenk is om onregverdige kritiek te ignoreer as jy weet dat jy onskuldig is.** | 2. | Ignoreer onregverdige kritiek (as jy weet dat jy onskuldig is). |
| Die persoon wat jou kritiseer se aggressiewe stemtoon of lyftaal kan dieselfde reaksie by jou uitlok. **Daarom is dit absoluut nodig dat jy so kalm moontlik op kritiek moet reageer as jy met grasie wil optree.** | 3. | Bly so kalm moontlik as iemand jou kritiseer. |
| **Nog 'n wenk is om nie dadelik op kritiek te reageer nie!** Die rede hiervoor is dat, as jy tot later wag, jy minder kwaad of seergemaak sal voel. | 4. | Jy moenie dadelik reageer as jy gekritiseer word nie. |
| Hoe moet jy op kritiek reageer om te wys jy is in beheer? **Glimlag terwyl jy na die kritiek luister, selfs al voel jy nie gelukkig daaroor nie.** | 5. | Jy moet glimlag terwyl jy na kritiek luister. |
| **Die moeilikste wenk is seker om nie kritiek persoonlik op te neem nie.** Oorsensitiewe mense vergeet gewoonlik kritiek handel oor *iets* wat hulle doen en wat hulle kan verander. Daarom gaan sit hulle in 'n hoekie om hulself te bejammer. | 6. | Jy moenie kritiek persoonlik opneem nie. |
| **Waardeer dit as iemand jou regverdig kritiseer.** Daardie persoon kon jou geïgnoreer het sodat jy later weer dieselfde fout maak. | 7. | Jy moet altyd regverdige kritiek waardeer. |
| As jy hierdie wenke volg, kan jy kritiek met grasie hanteer. | | (61 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**TEKS 3**

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: ELEKTRONIESE SPELETJIES IS GOED VIR VOLWASSENES**
[Verwerk uit www.lifehack.org]

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Kla jou ouers dat jy hopeloos te veel tyd aan elektroniese speletjies bestee? Miskien moet hulle begin saamspeel. Die jongste navorsing gee die volgende redes waarom elektroniese speletjies ook vir volwassenes goed is. | | |
| Baie volwassenes is depressief en moeg na 'n dag se werk. Hulle lewens bestaan mos net uit werk, rekeninge en verantwoordelikhede. **Elektroniese speletjies kan sulke volwassenes help om te ontspan**. Ontspanne volwassenes is mos gelukkiger mense. | 1. | Elektroniese speletjies **help** volwassenes om te **ontspan**. |
| **Elektroniese speletjies help hulle ook om meer gebalanseerd te lewe**, want terwyl hulle speel, is die verantwoordelikhede van die lewe op die agtergrond. | 2. | Elektroniese speletjies help volwassenes om meer **gebalanseerd te lewe**. |
| In die Verenigde State van Amerika speel meer as vyftig persent van die volwassenes elektroniese speletjies. **Dit help hulle om op sosiale vlak met nuwe mense te gesels**, want 'n speler het altyd iets om oor te praat as hy/sy 'n medespeler aanlyn ontmoet. | 3. | Elektroniese speletjies help volwassenes om met nuwe mense te gesels/**bevorder** volwassenes se **sosiale lewe**. |
| Dit is belangrik dat enige paartjie elektroniese speletjies saamspeel. Volgens navorsing **versterk dié kwaliteittyd van saamspeel die paartjie se verhouding**. | 4. | Elektroniese speletjies help om **paartjies se verhouding te versterk**. |
| Navorsing het bewys dat **elektroniese speletjies kreatiwiteit stimuleer.** Volwassenes kan hierdie kreatiwiteit na ander fasette van hul lewens oordra. Elektroniese speletjies kan ook kompeterend wees. | 5. | Elektroniese speletjies **stimuleer** volwassenes se **kreatiwiteit**. |
| **Deur kompeterend te speel, kan 'n volwassene leer dat wen of verloor deel van die lewe is.** | 6. | Elektroniese speletjies leer volwassenes dat **wen of verloor**/kompetisie deel van die lewe is. |
| Oog-handkoördinasie is baie belangrik. Goeie oog-handkoördinasie beteken byvoorbeeld dat jou hande en oë kan saamwerk soos wanneer jy bestuur. **Elektroniese speletjies verbeter volwassenes se oog-handkoördinasie**. | 7. | Elektroniese speletjies **help met oog-handkoördinasie**. |
| As jou ouers dus weer oor elektroniese speletjies kla, nooi hulle eerder om saam met jou te speel. (241 woorde) | | (63 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## TEKS 4

### VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: Hoofgedagtes vir 'n uitstaande CV**

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| Dikwels doen verskillende mense aansoek om dieselfde pos. Daarom is dit belangrik dat jou CV baie goed moet wees om bo die res uit te staan. **Dis eerstens belangrik om seker te maak dat jy al die noodsaaklike inligting** (soos persoonlike inligting, opleiding, vaardighede, ervaring en referente) **in jou CV noem**. | 1 | Sluit alle noodsaaklike inligting (by jou CV) in. |
| **'n Suksesvolle CV word professioneel aangebied**. Dit beteken dat jy jou inligting moet groepeer en skoon, wit ongekreukelde papier en 'n A4-koevert moet gebruik. Onthou: jy wil hê die mense moet ten minste jou CV lees. | 2 | Bied jou CV professioneel aan. |
| **Wees daarom kreatief met jou CV.** Voorbeelde van kreatiwiteit is die byvoeging van 'n gesigsfoto en die gebruik van verskillende lettertipes. As jou CV net so 'n bietjie anders lyk, sal mense dit wil lees. | 3 | Bied jou CV op 'n kreatiewe manier aan./Laat jou CV anders lyk. |
| Werkgewers kry baie CV's om te lees en daarom moet joune **kort en kragtig wees sonder irrelevante inligting**. Jou CV moet byvoorbeeld nie langer as twee A4-bladsye wees nie. | 4 | Jou CV moet kort wees./Gee net relevante inligting. / Vermy irrelevante inligting. / Jou CV moenie langer as twee A4-bladsye wees nie. |
| Onthou: enige persoonlike of akademiese inligting kan vandag maklik gekontroleer word. **Jy mag daarom nooit in jou CV jok nie.** As enige inligting in jou CV nie waar is nie, kan jy van bedrog aangekla word en dan kan jy 'n kriminele rekord kry. | 5 | Wees eerlik in jou CV./Moenie in jou CV jok nie. |
| **Dit bly belangrik om in jou CV aan te dui wie jou referente is**. Voorbeelde van referente is: jou kerkleier, 'n onderwyser of gemeenskapsleier. | 6 | Dui referente op jou CV aan. |
| 'n Mens leer altyd nuwe vaardighede by. **Jy moet dus dwarsdeur jou lewe jou CV op datum hou.** [Verwerk uit *Mail and Guardian* en *Die Burger*] | 7 | Hou (altyd) jou CV op datum. (69 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## <u>TEKS 5</u>

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: HOE OM 'N GOEDKOOP VAKANSIE MOONTLIK TE MAAK!**
[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 20 November 2014]

| Direkte aanhaling | | Eie woorde |
|---|---|---|
| 'n Vakansie is wonderlik vir jou gesondheid en jou gees, maar dit is nie vir almal moontlik om 'n vakansie te bekostig nie. Hier volg sewe maniere om 'n heerlike vakansie moontlik te maak. | | |
| **Jy moet eers die koste van die vakansie bereken.** Hierdie koste behoort vervoer, sakgeld, kos en blyplek in te sluit. **Daarna kan jy begin om sekere opofferinge te maak om geld te spaar.** Jy kan byvoorbeeld minder cappuccino's per week drink. As jy twee cappuccino's minder per week drink, bespaar jy R40. Dit is in totaal ongeveer R2 000 wat jy per jaar spaar! | 1<br>2 | Stel eers vas hoeveel die vakansie sal kos.<br>Maak voor die vakansie opofferings om geld te spaar. |
| Tydens die Desember- en Paasvakansie is vakansieoorde stampvol en die pryse is hoog. **As dit moontlik is, gaan liewers wanneer dit stiller is, want dan is alles goedkoper.** | 3 | Gaan hou vakansie wanneer dit minder besig is. |
| Het jy geweet dat sekere dinge heeltemal gratis is? Jy kan byvoorbeeld gratis by Tafelberg opgaan as dit jou verjaarsdag is en alle Suid-Afrikaanse Nasionale Parke gee jaarliks 'n week gratis toegang aan Suid-Afrikaners. **Soek dus na gratis geleenthede.** | 4 | Wees op die uitkyk vir gratis aktiwiteite./Maak gebruik van gratis aanbiedinge. |
| **As jy nie duur hotelle kan bekostig nie, kan jy kampeer.** Daar is baie goedkoop plekke orals in Suid-Afrika waar 'n mens kan kampeer. **As jy hierdie opsie kies, kan jy jou eie kamptoerusting koop.** Dan het jy dit as jy die volgende keer weer wil gaan kampeer. | 5<br>6 | Jy kan kampeer om op hotel onkostes te spaar.<br>Jy kan jou eie kamptoerusting koop om later weer te gebruik. |
| Daar is baie webtuistes wat goeie idees het vir goedkoper vakansies soos die ruil van huise. Dit sal die koste van 'n hotel uitskakel. **Gebruik die internet om winskopies te soek.** | 7 | Soek na goedkoop vakansie-idees op die internet. |
| Met hierdie raad, hoef 'n vakansie nie net 'n droom te wees nie! | | (55 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

## TEKS 6

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**OPDRAG**: Skryf 7 wenke ***hoe om jou vir die nuwe seisoen voor te berei***, neer.

- **Daar kom 9 moontlike feite in die leesstuk voor.**
- Die onderstreepte sinne kan moontlik direk aangehaal word.

| **MANIERE HOE OM JOU VIR DIE NUWE SEISOEN VOOR TE BEREI.** | |
|---|---|
| Die lente is hier en dit is nou tyd om daardie wintervaalte uit jou te kry en weer 'n huppel in jou stap te sit. | Geen wenk nie |
| 'n Goeie manier om jou lewe weer reg te kry, is om al die halfvoltooide take klaar te maak soos byvoorbeeld die halfgelese boeke klaar te lees. Niks is lekkerder as jy iets afgehandel het nie, al is dit ook iets eenvoudig. | 1. Jy moet onvoltooide take klaarmaak. ✓<br>óf<br>Dit is lekker om take klaar te maak. ✓ |
| Begin ook om oulike plekkies in jou dorp waarvan jy vergeet het, te herontdek of om plekke waarby jy nog nooit uitgekom het nie, te besoek. | 2. Herontdek nuwe plekke rondom jou. ✓<br>3. Besoek nuwe plekke. ✓ |
| Ontgif jou liggaam deur 'n gesonde en voedsame dieet te volg, om meer water te drink en weg te bly van rommelkos. | 4. Jy moet liggaam ontgif deur gesond en voedsaam te eet ✓<br>5. Jy moet meer water drink en wegbly van rommelkos. ✓ |
| Moenie die belangrikheid van 'n goeie nagrus of 'n middagslapie, hoe kort ook al, onderskat nie. Dit verbeter jou energie en dit laat jou goed lyk. | 6. Jy moet genoeg slaap om beter te voel en te lyk. ✓ |
| Maak jou kamer skoon deur onnodige goed vir liefdadigheid te gee. Dit sal 'n mens altyd baie goed laat voel. | 7. Maak jou kamer skoon deur onnodige goed uit te gooi. ✓ *(Die feit dat jy jouself help en ander mense goed laat voel is nie 'n manier hoe jy jou moet voorberei nie.)* |

| | |
|---|---|
| Jou liggaam sal oefening waardeer, maar onthou om stadig te begin; 'n paar treë op 'n slag, klim trap in plaas daarvan om die hysbak te gebruik, parkeer jou motor verder weg wanneer jy winkels toe gaan. | 8. Jy moet gereeld oefen. ✓ *(Watter tipe oefening is aanvullend en tot die feit dat jy gereeld moet oefen.)* |
| Dis 'n nuwe seisoen. Dis 'n goeie tyd om iets nuuts te begin, iets wat jy miskien al lankal wou doen, soos kuns, fotografie, in die berge te gaan stap, familie te besoek of om op 'n bootreis te gaan ... | 9. Doen iets nuuts in die lente. ✓ *(Wat jy moet doen is aanvullend tot die feit dat jy iets nuuts moet doen.)* |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## TEKS 7

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**OPDRAG**: Som die sewe **aspekte van geletterdheid** in SEWE VOLSINNE op.

- **Daar kom 7 moontlike feite in die leesstuk voor.**
- Die onderstreepte sinne kan moontlik direk aangehaal word.

| DIE GROOT G VAN GELETTERDHEID | |
|---|---|
| Geletterdheid is meer as lees en skryf. **Dit beteken dat jy omgee vir jouself as jy goed kan lees en skryf** daarom kan jy beter leer en kan jy die wêreld om jou beter verstaan. Jou gesondheid is baie belangrik. **Om geletterd te wees beteken dat jy kennis het van dinge wat vir jou skadelik** is soos rook, dwelms en alkohol en ook hoekom oefening goed is en oorgewig sleg is. | 1. Om geletterd te wees is om te lees en te skryf.<br><br>2. Geletterdheid is om kennis te hê van wat goed of sleg vir jou gesondheid is. |
| | |
| **Geletterdheid beteken dat jy geld$lim moet wees**. Mense werk hard om geld te verdien om vir hulle geliefdes te sorg. Geld$lim beteken om nie geld te leen nie; dit beteken dat jy geld sal spaar en nie op onnodige dinge mors nie. **Geletterdheid en groen is ook sinoniem**. Hoe meer kennis jy van jou omgewing het, hoe meer besef jy dat dit belangrik is om dit op te pas: herwinning van papier en plastiek, water- en kragbesparing en om nie insekdoders te gebruik nie is belangrike dinge wat jy moet leer. | 3. Geletterdheid is om geldslim te wees.<br><br>4. Geletterdheid is om groen te leef. |
| | |
| **Omgee vir diere vorm deel van die genot van geletterdheid.** Diere aanvaar mense soos hul is en mense ontspan meer wanneer hulle met hul troeteldiere speel. Kinders leer verantwoordelikheid as hulle diere versorg wat belangrik vir hulle opvoeding is. **'n Deel van 'n mens se geletterdheid en opvoeding is om ander mense in ag te neem**. Jy leer dat as jy kwaad is, jy nie op andere mag skree nie. Respek is ook belangrik: dit beteken jy mag nie steel, boelie of lieg nie. | 5. Geletterdheid is om vir diere om te gee.<br><br>6. Geletterdheid is om ander mense in ag te neem. |
| | |
| Elke mens moet weet waartoe hy/sy in staat is. Jy moet weet hoekom jy negatief reageer en wat jou kwaad en gelukkig maak. **Selfkennis is seker die belangrikste tipe geletterdheid.** | 7. 7 Geletterdheid is om jouself te ken. |

(62 woorde) Direkte aanhaling 76 woorde

**TOTAAL AFDELING B: 10**